

15 Februarie

Skrifgedeelte: Jeremia 7-8:3
Fokusgedeelte: Jeremia 7:8-16 en 23

God het geen behae in eiewillige godsdienst nie

Jeremia beleef nou self 'n krisistyd. Hy wil pleit vir die volk, maar die Here belet hom. Die tempel kom nou ook sterk in gedrang. Die volk hou die tempel nog as plek van aanbidding, maar het reeds vanaf Manassa se tyd afgode in die tempel opgerig. Elkeen aanbid nou sy eie god. Die wat afgode wil dien, aanbid die afgode en die wat die Here wil dien, aanbid die Here – almal saam in dieselfde tempel! Dit het God verskriklik vertoorn. Maar nogeens bied God sy genade aan. Hy wys hulle op die ewige verbond wat Hy met hulle gesluit het. Hy sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir Hom 'n volk wees (Jer 7:23). Hulle mag net een God erken en aanbid, want behalwe God is daar geen ander god nie. Die goedheid en verdraagsaamheid van die hemelse Vader is oneindig as Hy hulle weereens sy vergifnis aanbied. Maar toe hulle dit steeds nie ter harte neem nie, spreek God sy finale oordeel oor hulle uit en verbied sy profeet om verder vir hulle te pleit. Die volk sal aan die hand van 'n vreemde volk gestraf en die tempel en stede verwoes word. Daar is dus 'n einde aan die lankmoedigheid van die Here. Daar is 'n tyd wanneer sy gerig 'n finaliteit word en onafwendbaar is. Selfs vir berou kan dit te laat word.

Sing: Psalm 78:5

Ds DL de Beer (Emeritus)